NOTULE VAN BOLAND ROLBAL VERGADERING GEHOU OP SATERDAG, 16 JUNIE 2018 TE WORCESTER ROLBALKLUB

1. OPENING

Stoffel open die vergadering met gebed en heet die lede teenwoordig welkom.

2. TEENWOORDIG

Stoffel Lambrechts - President
Ena Linde – Sekretaris
Rosa Cloete – President Overberg
Leon Meyer – President Weskus
Pieter Linde - Sameroeper Tegniese Beamptes
Lorna Viljoen – Sameroeper: Disability Bowls

VERSKONINGS

Mark Beviss-Challinor – Vise-president
Joggie Snyman - Tesourier
Theuns Coetzee – Ledewerwing en Bemarking
Engela Lambrechts - Wedstrydsekretaris
Lesley Beviss-Challinor – President Winelands

3. BYKOMENDE ITEMS

Geen

4. GOEDKEURING VAN NOTULE

Die Notule van 23 Maart 2018 word goedgekeur.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULE VAN 23 Maart 2018.

5.1 Rookbeleid

'n Brief is aan die klubs gestuur wat die beleid van Boland Rolbal tydens spel uiteensit. Klubs is aangeraai om die nasionale wetgewing t.o.v. rook in ag te neem wanneer hulle hul klub-beleid opstel.

5.2 Boland Ope

Stoffel meld dat 100 spanne ingeskryf het en dat besluit is om voort te gaan met die toernooi.
Leon sal reël vir plasing op die webwerf. R60 000 sal geïn word uit inskrywingsfooie en dit word voorsien dat 'n klein wins gemaak sal word. Stoffel vra en ontvang goedkeuring om 100 lootjielyste met 10 lootjies teen R10 elk te versprei. Boland het verder beloftes ontvang vir pryse ten bedrae van R41 600 .

5.3 Registrasie : Sakeliga Databasis

Afgehandel.

5.4 Kontrak vir 0/19, 0/20 en 0/25 spelers

Afgehandel

5.5 Council Meetings in Sub-districts

Afgehandel.

6. FINANSIES

6.1 Finansiële Verslae

Sien aangeheg.

6.2 Goedkeuring van Eise

Eis vir verversings deur Worcester vir Bestuursvergadering word goedgekeur. **Joggie**

6.3 Begroting 2018/2019

Die begroting vir 2018/2019 word voorgelê en daar word besluit dat die Boland affiliasiefooie met R20 verhoog sal word en dus R190 sal beloop.
Bestuur stel voor dat 2017/18 se ontwikkelingskoste van R53 285.86 nie van sub-distrikte verhaal word nie en om die surplus in reserwe te hou vir Boland fondse. **Joggie**

7. LEDEWERWING EN BEMARKING

7.1 Anina Black, lid van Rolbal SA se Staandekomitee: Ledewerwing en Bemarking, doen 'n voorlegging waarin die samestelling, visie en missie van die Ledewerwing en Bemarking se Staandekomitee uiteengesit word. Anina noem ook dat klubs, en dus die distrik daarna moet streef om die profiel van klubs se ledetal meer verteenwoordigend te maak.

Die President bedank Anina vir haar volledige voorlegging en beklemtoon dat die lede die inligting insiggewend en waardevol gevind het.

7.2 Sakeliga Finaal.

Zandvliet/Clementine Gin het aangebied om die semi-finale in elke streek te borg volgens die Bonnievale model wat baie suksesvol aangebied word. Daar word beoog dat vir elke span wat inskryf die streek R15 per persoon sal kry.

8. WEDSTRYDSEKRETARIS

8.1 Tendens t.o.v. Inskrywings

Die aantal inskrywings vir die Gemengde Pare en Gemengde Viere blyk dieselfde te wees as verlede seisoen. Daar is 'n klein styging ten opsigte van die deelname aan die Kampioen van Kampioene. Dit wil blyk dat dit 'n baie goeie besluit was om die Vywe te vervang deur die Boland Liga. Die inkomste uit die Liga was R11 520 teenoor R4 000 vir die vywe.

8.2 Boland Prysgeld

Die prysgeld wat vir Boland kompetisies toegeken sal word is 25% van die bedrag wat vir inskrywings ontvang is. **Joggie**

9. VERSLAE: SAMEROEPERS

9.1 Afrigters

Stoffel wys daarop dat daar 'n protokol is vir die Z-Squads wat ten doel het om toekomstige presteerders uit te ken en sinvol mee te werk. Anneke is saam met Stoffel hierby betrokke.
Groepe per streek moet finaliseer word en op datums soos per jaarboek gereël word.

9.1.2 Daar word beoog om in 2019 'n Vlak 1 Afrigterskursus aan te bied; streke kan begin om lys van belangstellendes op te stel. Die sekretaris sal navraag doen aangaande Boland afrigters wat 'n neergelegde verfrisserskursus moet deurloop. Hierdie kursusse moet per streek per streek gedurende 2018 gedoen word. **Ena**

9.2 Tegniese beamptes

'n Merkerskursus te Franskraal is gereël maar as gevolg van onttrekkings het die klub besluit om die kursus te kanselleer.

9.2.1 Die vergadering besluit dat Boland die prosedure aangaande die gebruik van meetinstrumente by die bepaling van skote verwerf, soos voorgestel in BSA Omsendbrief 32/2018 as beleid sal aanvaar. Die Sameroeper sal hierdie Omsendbrief deurstuur aan die Staandekomitee lede: Tegniese-beamptes vir hulle aandag. **Pieter**

9.2.2 Die Sameroeper wys die vergadering daarop dat daar in die Reëlboek op pp.158/159 'n "Code of Conduct and Disciplinary Procedure" neergelê is wat leiding aan klubs verskaf wanneer dit nodig sou wees om teen klublede op te tree.

9.3 Perkemeesters

9.3.1 Level Assessment of Greens

Stoffel noem dat by gebrek aan 'n Level Assessment wat in die vooruitsig gestel is vir gasheer-klubs van die Boland Ope, terugvoering van spelers en klubs aangaande genoemde perke aanvaar is.

10. VERSLAE: PRESIDENTE: SUB-DISTRIKTE

10.1 Overberg

Verslag van Rosa Cloete aangeheg.

10.3 Weskus

Verslag van Leon Meyer aangeheg.

11. KORRESPONDENSIE

11.1 BSA Omsendbriewe. Kennis geneem van Omsendbriewe 2018/15 – 2018/33.

11.2 BSA MOSIES VIR 2018 AJV

Die vergadering neem kennis van vier(4) mosies wat by die AJV van Rolbal SA ter tafel gelê sal word en daar is eenstemmigheid dat Boland hierdie nominasies aanvaar. **Stoffel**

12. BOLAND AJV

12.1 Stemkrag

1 – 25 > 1; 26 – 50 > 2; 51 > 75 > 3; meer as 75 > 4. Plus een(1) addisionele stem as deelname aan kompetisies meer as die gemiddelde per lid van die distrik is.

12.2 Nominasies

UITVOERENDE BESTUUR	
AMP	**GENOMINEERDE**
President	Stoffel Lambrechts
Vise-president	Mark Beviss-Challinor
Sekretaris	Ena Linde
Tesourier	Joggie Snyman
Wedstrydsekretaris	Engela Lambrechts
Ledewerwing & Bemarking	Theuns Coetzee
President: Overberg	Rosa Cloete
President: Weskus	Leon Meyer
President: Wynland	Lesley Beviss-Challinor

12.3 Staande Komitees

STAANDE KOMITEES	
Spelersverteenwoordiger	Wynand Pool
Afrigters	S. Lambrechts, A. Tromp, P. Finkelstein
Tegniese Beamptes	P. Linde, A. du Toit, Roleyn Nortier
Perke	Charles Stassen, Alwyn Smit, A. Melck
Ledewerwing & Bemarking	Theuns Coetzee, C. Mostert, A. Cannone
Transformasie & Vroue	Theuns Coetzee
Skole	Theuns Coetzee
Disability	Lorna Viljoen, Cliff Franklin

12.4 Keurders

KEURDERS	
Ope Mans	I. Rice, G. Duncan, L. Every
Senior Mans	M. Beviss-Challinor, B. van Schoor, J. Pienaar
Ope Dames	G. Bradley, A. Groenewald, Annette vd Sandt, R. Cloete
Senior Dames	M. Louw (S/R), L. Viljoen, A. Snyman
Juniors 0/15, 0/19	T. Coetzee (S/R). L. Brown, W. Pool, J. Whiteman
Juniors 0/30	J. Snyman, W. Pool, L. Brown

SPANBESTUURDERS	
Ope Mans	L. Meyer (B-span)
Senior Mans	
Ope Dames	G. Bradley
Senior Dames	L. Viljoen
Juniors	

13. VOLGENDE VERGADERING

Na afloop van die Algemene Jaarvergadering.

_____ _____

PRESIDENT **SEKRETARIS**

_____

DATUM